# „MABDIEL" OF „MEKABBEETS"?

Uit my jonge jare het my altyd bygebly die titel van 'n werk van *Dr. H. H. Kuyper*, die bekende seun van die beroemde *Dr. Abraham Kuyper*. Die boek het die naam gedra „Hamabdil". Ons het, nog onkundig van Hebreeus, soos seker die meeste lesers die klemtoon laat val op die tweede lettergreep, en gespreek van „Hamábdil". Die ondertitel was begrypliker: „Van die heiligheid van die genadeverbond."[1] Die boek is 'n versameling van artikels wat die skrywer in die bekende Gereformeerde weekblad „De Heraut" onder die versamelopskrif „Genadeverbond en Zelfonderzoek" laat verskyn het, wat op die versoek van vele gebundel uitgegee is. Die boek is in 'n helder en versekerde betoogtrant geskryf en ek kan my voorstel dat dit boeiende lektuur was vir „die Gereformeerde volk". Die skrywer het sy lesers ook nie gesteur en lastig geval met veel verwysings nie, nòg na skrywers en werke wat hy met instemming aanhaal, nòg na dié wat hy bestry.

Vanwaar die vreemde betiteling wat *Dr. Kuyper* eers bo die gebundelde opstelle geplaas het? Die Hebreeuse woord beteken: „Die skeidingmaker", en die skrywer neem dit as 'n betiteling van God die Here, wat dan „Die Skeidingmaker" by uitnemendheid sou wees. Dit is 'n nogal riskante, om nie te sê oormoedige onderneme om 'n nuwe naam aan die Here God toe te voeg by die vele, wat in die Skrif self aan Hom en deur Hom gegee is. Die skrywer ontleen sy vrymoedigheid aan wat hy noem „het scheppingsverhaal" waar aangedui word hoe God *skeiding* gemaak het tussen lig en duisternis, tussen die waters op die aarde en bo die aarde, en tussen die see en die droë land. Die bewystekste, wat Dr. *Kuyper* nie aangee nie, is gemaklik te vind; hulle is Gen. 1:4, 6v., 14 (en 18). Dan vervolg die skrywer in sy „Woord Vooraf" (ek gee die teks in Afrikaans): „Soos die Here God nou in die werk van die skepping gebied om skeiding te maak tussen wat nie saamhoor nie, maar na sy aard en wese geskeide is, so het God ook in die historie van die mensheid 'n skeidslyn getrek" (waartussen? nou moet ons goed oplet) „tussen die heilige en die onheilige, tussen wêreld en kerk, tussen wat Hom toebehoor en wat van Hom afgeval het". Dis jammer dat die dogmaticus ook hier dit nie nodig of dienstig gevind het om sy stelling uit die Skrif met vers en kapittel aan te toon nie, hoe aanneemlik sy bewerings dan ook mag klink en hoe waar hulle ook mag wees.

Die leser is geneig om te vra of dit wel aangaan, of dit selfs geoorloof is om aan 'n term uit die skeppingsgebied 'n Godsnaam te ontleen, te fabriseer, sou mens kan sê, en dié dan somar oor te bring, toe te pas op God in sy werk in die geskiedenis en besonderlik in die heilsgeskiedenis,

---

[1]) Uitg. H. A. van Bottenburg, Amsterdam, 1907.

dus op Sy verlossingswerk. Mens sou wel graag gesien het dat die skrywer in alle geval op hierdie punt, nl. waar dit om die werk van God tot verlossing in die gevalle mensheid gaan, sy betoog met duidelike verwysings na Skrifgedeeltes sou gestaaf het.

Wat die leser nog meer huiwerig maak om die Skriftuurlike grondslag van die skrywer se redenerings somar sonder meer te aanvaar, is die duidelike strekking van die hele boek, wat die outeur trouens geensins verberg nie. Reeds in die genoemde „Woord Vooraf" word dit openbaar as die skrywer sê: „Die skeidslyn dreig telkens om deur die mens uitgewis te word. Aan die een kant deur die voorstanders van die volkskerk, wat die genadeverbond veruitwendig, heel die volk in die kerk opneem, die sakramente gemeen maak, vir die heiligheid van die Genadeverbond geen oog het. Maar aan die ander kant ook deur hulle, wat wel die grenslyn skerp trek tussen wêreld en kerk, aan die realiteit van die Genadeverbond vashou, maar vergeet dat die sigbare openbaring van Christus Kerk op aarde nooit geheel saamval met haar geestelike bestaan, waarom dan ook in die kring van die gemeente deur die Woord van God die skeidslyn telkens getrek moet word tussen hipokriete en ware kinders van God, tussen skynchristendom en weselike christendom". Daar is in die hele geskrif geen hoofstuk waarin nie die voorstanders van „die volkskerk" aangeval word nie en teen die gedagte van 'n gedoopte volk soos deur *Dr. Hoedemaker*, en *Dr. Kromsigt* voorgestaan, gepolemiseer word nie. Of die skrywer die opvattings van hierdie Hervormde kerkleiers in die stryd teen afskeiding en separatisme juis weergee, lyk partykeer nogal twyfelagtig. Maar in alle geval stry die skrywer insover met oop visier dat hy geen twyfel laat aan die tendens van sy geskrif as gerig teen die Hervormde Kerk se oortuigings en praktyke insake Kerk, Doop, Nagmaal en Genadeverbond.

„Hamabdil", „Die Skeidingmaker", hierdie benaming vir God die Here, en die beklemtoning van die skeidingsgedagte in Sy werk sowel in die skepping as in die geskiedenis en veral in die heilsgeskiedenis, is begryplik en te verwagte by diegene wat 'n kerkskeiding moet verdedig en uit die antitese leef. Maar is dit Skriftuurlik verantwoord? Gee die Skrif die vryheid om juis hierdie element in die werk van God so sterk te beklemtoon, ten koste van ander, moontlik selfs teenoorgestelde elemente?

Die veiligste weg is maar altyd om 'n goeie konkordans ter hand te neem; dit help selfs baie vir die gemeentelid wat die oorspronklike Bybeltale nie ken nie; vir die vakkundige teoloog sal dit altyd vir die Ou Testament 'n Hebreeuse, vir die Nuwe 'n Griekse konkordans moet wees. Ons bepaal ons by ons ondersoek ooreenkomstig ons vakkennis en lewensbestel tot die Ou Testament.

Daar is volgens die Ou Testament drie terreine waarop van 'n skeidingswerksaamheid van God sprake is: dié van die skepping, dié van die

erediens en dié van die volkerewêreld. Dit sal goed wees om hierdie drie gebiede nie met mekaar te verwissel of in mekaar te laat vloei nie. In verband met die skepping kom die betrokke werkwoord *habdiel*, lett. „geskeie laat wees", dan ook „skeiding maak", net alleen in Genesis 1 voor, allereers by die gebeure op die eerste wêrelddag na die skepping van die lig; vs. 4: „En God het skeiding gemaak tussen die lig en die duisternis". Dat daar staan dat die lig die eerste produk was van die skeppende Godswoord en dat die lig goed was in Gods oë, beteken nie dat die duisternis nie deur Hom geskape is nie; dit sou strydig wees met die eerste en tweede vers, waar die hemel en die aarde en die hier heersende duisternis in die skeppingswerk begrepe is.[2]) Ook Jes. 45:7 getuig van die Skepper as Hom „wat die lig formeer en die duisternis skep". Daar is in die skeppingsverhaal geen spoor van 'n stryd tussen lig en duisternis (soos in die mitologiese voorstellings van baie volke), sê die Joodse verklaarder *B.Jacob* tereg[3]). Wel kry die lig besondere aandag. Dit is volgens *Jacob* 'n getuienis van die „Lichtfreudigkeit" van die Tora dat dit vir die lig 'n eie skepping aanneem, dit aan die spits set en die eerste dag geheel daardeur in beslag laat neem. Dit is 'n stuk Evangelie, wat hier gans heimelik opblink, skryf *Zimmerli*. Dit is 'n onbybelse gedagte dat die lig hom aan die duisternis sou „ontworstel"; soos 'n eie en selfstandige skepping kom die lig (nie uit nie maar) oor die duisternis (*Jacob*), en soos ons uit die sitaat uit *Zimmerli* verneem, bepaal God as Heerser oor beide hulle beide se magsfere. Skeiding beteken ordening, geleding, plaas- en taakbepaling, van chaos 'n kosmos maak.[4])

'n Tweede geval van *habdiel* vermeld vs. 6 waar op die tweede skeppingsdag die Godsbevel klink: „Laat daar 'n uitspansel wees tussen die waters, en laat dit skeiding maak (lett. „laat dit skeidende wees", „'n blywende skeiding vorm") tussen waters en waters." Waarop die uitvoering vermeld word: „God het toe die uitspansel gemaak en het die waters wat onder die uitspansel is, geskei van die waters wat bo die uitspansel is".[5]) Ook hier was dit duidelik 'n geval van ordening van die bestaande; mens kan nie aanneem dat volgens Gen. 1 die waters, nog ongeskeie, nie 'n

---

[2]) Vgl. *W. Zimmerli*, *1 Mose 1–11*. Serie Prophezei, Zürich 1943, S. 46f.: „Am Ende des ersten Tagewerkes sind zwei Sphären der Welt vorhanden: Licht und Finsternis. Beide sind deutlich als Gottes Werk bezeichnet, indem ausdrücklich betont wird dass Gott die Einzäumung der beiden Sphären vornimmt und beiden Sphären Namen gibt. . . Namengebung ist Herrschaftsakt: Wer einem Ding seinen Namen gibt, der bestimmt das Wesen . . . Die mehrfachen Namenverleihungen die das Schöpfungskapitel berichtet unterstreichen das Herrenrecht Gottes".

[3]) *Das erste Buch der Tora, Genesis*, übersetzt und erklärt, Schockenverlag, Berlin 1934.

[4]) Vgl. ook *G. von Rad*, *Das erste Buch Mose*. Das Alte Testament Deutsch. Gottingen 1949, S. 39.

[5]) Mens kan ook vertaal „en dit (die uitspansel) het." (so bv. *Jacob* en *Zimmerli*). *Ed. König*, *Die Genesis*, Gütersloh 1919, S. 145f. neem egter God as onderwerp, in die sin van: „en God het (so, nl. deur die uitspansel te maak) 'n skeiding bewerk"; die volvoering in die praktyk word dan uitgedruk deur die sinnetjie: „En dit was so", d.w.s. „dit (die blywende skeidingmaak) het so gebeur".

skepping van God was nie; albei, die waters bo die uitspansel en die wat daaronder, op die aarde is, het hulle plek in die Godsbestel en in Sy wêreld. Skeidingmaak bedoel nie graadonderskeid maak nie, geen „diskriminasie" in ongunstige sin ten opsigte van een van die twee geskeie dele.

Dieselfde geld van die derde en laaste voorkom van *habdiel* in die verhaal van die Skepping, nl. by die gebeure op die vierde dag (vs. 14): „En God het gesê: Laat daar ligte (lett. ligdraers) wees aan die uitspansel van die hemel, om skeiding te maak tussen die dag en die nag . . . (vs. 17) en God het hulle aan die uitspansel van die hemel gestel om lig te gee op die aarde (vs. 18) en om te heers oor die dag en oor die nag en om skeiding te maak tussen die lig en die duisternis". Hier word die hemelligte, son, maan en sterre deur God as skeidingmakers gestel, wat van dag tot dag van maand tot maand en van seisoen tot seisoen die wisseling van lig en donker beheers, maar nie uit eie vermoë nie, dog as God se „funksionarisse" (*Jacob*) aan wie oorgedra word dat waarvoor God eers self gesorg het (vs. 4). Ook hier geen spoor van degradasie deur die skeidingmaak nie; die een deel van die dag, die donker een is nie minder 'n deel van die Godsbestel as die ander nie, die een tydsverloop en seisoen nie ondergeskik gemaak aan die ander nie.

Met hierdie tekste is die voorkome van die woord *hadbiel* in Genesis 1 op 'n end. En merkwaardig, nêrens elders in die hele Ou Testament kom dit voor in verband met die skepping of die natuur. Mens sal dus nie kan sê dat die skeidingsgedagte voorop staan of sterk beklemtoon word in die Outestamentiese wêreldbeskouing nie. Mens sou nog wel daarop kan wys, al word die woord „skeiding maak" in hierdie verband nie gebruik nie, dat die gedagte van onderskeiding ook lê agter die beklemtoning in die skeppingsverhaal dat God allerlei dinge gemaak het „na hulle aard", of soos die Afrikaanse vertaling tereg sê: „volgens hulle soorte"; so plante en bome (vs. 11v.), visse en voëls (vs. 21), en die landdiere (vs. 24v.). Daardie woordjie „volgens" moet egter nie te veel beskou word as skeidingmakend nie; dit het veelmeer 'n samevattende betekenis, soveel as „al hulle soorte, die hele soort sonder uitsondering, al die ondersoorte meegereken", soos duidelik blyk uit die gebruik van dieselfde uitdrukking in die opsomming van rein en onrein diere Lev. 11, die vss. 14v., 19, 22 en 29.[6]) So kan ook hierdie uitdrukking nie gebruik word om die benoeming van die Skepper as *Hamabdil*, „die Skeidingmaker" te regverdig nie.

Die tweede groep tekste waarin die woord *habdiel* voorkom lê op die terrein van die kultus, die openbare Godsverering en die daarby betrokke persone. Die Leviete word *habdiel*, „afgeskei, afgesonder" van die ander

---

[6]) Sien *Jacob* by Gen. 1:11 en reeds *H. Gunkel, Genesis*, Göttinger Handkommentar zum Alten Testament hrsg. von W. Nowack, Göttingen, 4te Aufl. 1917, S. 108.

lede van die volk of volksgemeente (die nasionaal-godsdienstige gemeenskap) om spesiale eiendom van die Here te wees, om Hom nader te kom, om die dienswerk van die Here se tabernakel te verrig, om die heilige Ark te dra en in Gods naam die volksgemeente te seën (Num. 8:14, 16:9, Deut. 10:8). In die besonder Aäron en sy seuns is *habdiel* om in die hoogheilige sake van de Godsverering diens te doen (I Kron. 23:13). En uit hulle, uit leviete en priesters, kan weer persone of groepe afgesonder word vir besondere diens, soos die seuns van Asaf, Heman en Jedutun om as tempelsangers te fungeer (I Kron. 25:1), of twaalf priesterowerstes om die gelde en kosbare voorwerpe te bewaar wat aan Esra en sy medeterugkerendes uit die Ballingskap meegegee is vir die herstel van die erediens (Esra 8: 24–30).

Die besondere taak van die priesters was volgens die priesterlike wetgewing: „om te *habdiel*, onderskeid te maak tussen wat heilig en wat onheilig is en tussen wat onrein en wat rein is"; en om dit na behore te kan doen en so die volk die insettings van die Here te kan leer, mag hulle geen wyn of sterk drank drink nie by die verrigtings in die heiligdom (Lev. 10: 8–11). Die bogenoemde hoofstuk oor rein en onrein diere, Lev. 11 word afgesluit met 'n samevatting wat die doel van die opsomming aangee, nl. om te *habdiel* tussen wat onrein en rein is, en tussen die diere wat geëet en nie geëet mag word nie" (Lev. 11:46v.). En die voorhangsel in die tabernakel dien om „'n skeiding te maak" tussen die twee vertrekke van die heiligdom, die Heilige en die Allerheiligste (Ex. 26:33). In die tempelvisioen van die profeet Esegiël sien hy 'n muur rondom die duisend vierkante el beslaande ruimte om die heiligdom, wat diens moet doen „om skeiding te maak tussen wat heilig en onheilig is" (42:20).

Die derde terrein waar *habdiel* in die Ou testament 'n rol speel is dié van die verhouding van Israel tot die ander volke. In 'n samevattende perikoop van 'n gedeelte van die sgn. Heiligheidswet, Lev. 20:22–26, kom tweemaal die gedagte voor dat die Here Israel „afgesonder het van die (ander) volke" (vss. 24, 26). Hy het dit gedoen as die heilige God en met die bedoeling dat hulle vir Hom heilig sou wees, d.w.s. dat hulle syne sou wees, Hom besonderlik en algeheel sou toebehoor. Dieselfde gedagte spreek die groot gebed van Salomo by die inwyding van die Tempel in die afsluitende gedeelte uit (I Kon. 8: 46–53): „U het hulle vir U as 'n erfdeel (d.i. 'n blywende, persoonlike, onvervreembare besit) afgesonder uit al die volke." Dis duidelik dat die afgesonderdheid van Israel niks te make het met verskil in ras, of kleur, of beskawingspeil nie, maar alleen 'n godsdienstige rede en doel het, vir hulle 'n taak en 'n goddelike doelstelling gee.[7]) Die deur God gestelde „afgeskeidenheid" van Israel, moet deur

---

[7]) In Gen. 10:5 en 32 en Deut. 32:8 word 'n ander werkwoord, nl. *perood* gebruik om die onder Gods seën (Gen. 9:1 en 7) tot stand gekome onderskeiding van die mensheid in volke tot uitdrukking te bring. Hierdie woord is 'n minder sterk uitdrukking as *habdiel*, soos blyk uit Gen. 13:9v.; 25:23 en Rigt. 4:11; dit slaan nie

Israel self gerealiseer word in 'n hulself „afskei, afsonder" van die volke buite en van die heidense of halfheidense landsbevolking binne die grense. Veral in die tye na die terugkeer uit die Ballingskap het hierdie separasiegedagte sterk navore gekom en beklemtoon geword, besonder deur die koms en optrede van die skrif- en wetgeleerde uit die priesterlike geslag, Esra (vgl. Esra 7 vv.), en wel onder sy invloed deur die stadhouer Nehemia. Dit was in daardie besondere omstandighede seker 'n noodsaaklike vereiste om die klein groepie teruggekeerdes en die aan hulle toebetroude skatte van Godsopenbaring uit die verlede instand te hou en te bewaar. Die menigvuldige huwelike met die heidense of halfheidense (Samaritaanse) landsbevolking het 'n groot bedreiging gevorm vir Israel se taak en roeping as volk wat draer van die Godsopenbaring was vir al die komende geslagte en vir al die volke. In alle kringe het dit voorgekom. „Die volk van Israel en die priesters en die leviete het hulle nie afgesonder van die volke van die lande (rondom en tussen hulle in), wat hulle gruwels betref nie; . . . die owerstes en die leiers het in hierdie ontrou eerste die hand gehad", so word aan Esra gerapporteer (Esr. 9:1v.), hoewel na die voorlesing en afkondiging van die Wet wat Esra uit Babel meegeneem het (Neh. 8) die volk wat hulle as „die afstammelinge (lett. die saad) van Israel" beskou het, op die dag van vas en boetegebed wel na die uiterlik „hulle afgesonder het van al die uitlanders en gaan staan het en belydenis gedoen het van hulle sondes" (Neh. 9:1v.). Esra ywer dan ook kragtig daarvoor dat godsdienstige suiwering van die volk tot stand kom: „Gee dan nou aan die Here, die God van julle vaders, die eer en doen wat Hom behaag, en sonder julle af van die volk (stamm)e van die land en van die vreemde vroue" (Esr. 10:11). Almal wat nie binne die gestelde tyd aan die opdrag tot skeiding gevolg gee nie, word as straf self „uit die vergadering (die volksgemeente) afgeskei (Afr. vertaling: uitgesluit)" en geban (vs. 8). Nehemia het later die stryd virsover nodig voortgesit en na die inwyding van die mure van Jerusalem is „al die mense van gemengde (heidens-israelitiese) afkoms (Hebr.: al die *'ereb*, die mengsel, die gemengde bevolking, vgl. Ex. 12:38; Jer. 25:20; 50:37) uit Israel afgesonder" (Neh. 13:3).

Naas die afskeiding van Israel van die ander volke weg, was daar egter gelukkig ook 'n afskeiding vanuit die volke en vanuit die halfheidense

---

op 'n prinsipiële, absolute skeiding (soos tussen heilig en onheilig, rein en onrein) nie, maar op 'n vreedsaam uit mekaar gaan of laat gaan, sonder waarderingsoordeel. Daar is tereg op gewys dat die onderskeidenheid van die volke in Gen. 10 nie as 'n skeppingsdaad of 'n skeppingsordonnansie van God voorgestel word nie, maar as 'n onder Gods seën gebeurende historiese proses; dat die volke ook nie as „autochtoon", d.i. aan die (vaderlandse) bodem ontstane en daaraan vir altyd gebonde mensegroepe voorgestel word nie (soos by baie heidense nasies en in die Nazisme); die onderskeiding in Gen. 10 val. as mens die daar opgesomde volke nagaan, ook nie saam met verskille in huidskleur of taal nie; maar dis die saamwoon in bepaalde gebiede en die gemeenskaplike geskiedenis, dus historiese faktore wat die indeling bepaal. Israel word in hierdie lys nie eers vermeld nie; van een of ander beginsel van meer- of minderwaardigheid van een volk bo of benede die ander is hier geen sprake (vgl. die reeds genoemde kommentare van *B. Jacob, W. Zimmerli* en *G. von Rad* by Gen. 10).

bevolking na Israel toe. Daar was van hulle „wat hulle van die onreinheid van die nasies van die land afgesonder het om saam met hulle (die teruggekeerde Israeliete) die Here, die God van Israel te soek" (Esr. 6:21), daar was „almal wat hulle afgesonder het van die volke van die lande tot die Wet van God" (Neh. 10:29/28), en mens kry die indruk dat hulle heeltemal by die gemeente gereken is. Daar was van hulle, besonderlik onder dié wat as hofdienaars hulle aan praktyke moes onderwerp het wat teen die gebruike van Israel ingegaan het, wat die vrees gekoester het dat hulle tog nooit volburgers in die Israelitiese Godsgemeente sou kan word. Merkwaardig is daarom die Godswoord in Jes. 56:1–8 wat ek vanweë sy belangrikheid hier grotendeels en so noukeurig as moontlik by die oorspronklike aansluitend aanhaal:

(3) Laat die uitlander wat hom by die Here aangesluit het nie sê nie:
Afskei, afskei sal die Here my van sy volk!
En laat die ontmande nie sê nie: Kyk, ek is 'n droë boom!
(4) Want so sê die Here:
Aan die ontmandes wat my sabbatte hou
en verkies wat My behaag
en vashou aan My verbond,
(5) aan hulle gee Ek in my huis en in my mure
'n gedenkteken en naam wat beter is as seuns en dogters,
'n ewige naam gee Ek aan hulle, wat nie uitgeroei sal word nie.
(6) Ja, die uitlanders wat hulle by die Here aangesluit het
om Hom te dien en om die naam van die Here lief te hê
deur Hom as knegte te wees,
elkeen wat die sabbat hou sonder dit te ontheilig
en wat vashou aan My verbond:
(7) Ek sal hulle bring na My heilige berg
en sal hulle vreugde laat smaak in My huis van gebed;
hulle brandoffers en hulle slagoffers
sal welgevallig wees op My altaar,
want My huis sal 'n huis van gebed genoem word
vir al die volke.
(8) Godspraak van die Heer Here is dit,
van Hom wat die verdrewenes van Israel versamel:
Ek sal by hom nog meer versamel.
by sy (reeds) versameldes!

Duideliker kon die poorte van Gods huis en Gods gemeente wel nie oopgeset word as in hierdie profesie nie, waar uitdruklik teenoor die *habdiel*, teenoor die skeidingsbeginsel, die Godsbehae en Godsbelofte van die bymekaarbring gestel word. God is nie vir altyd die *Mabdiel*, die groot Skeidingmaker nie, maar Hy is die *Mekabbeets*, die Saambrenger, soos met drievoudige nadruk in die laaste vers gestel word. En dit geld nie alleen enkelinge uit die ander volke nie. Maar 'n ander Godsprofeet uit die tyd na die Ballingskap, Sagaria, sien hele volke hulle

aansluit by Israels Godsgemeente en mag die oorbringer wees van die Godswoord:

Jubel en wees bly, o dogter Sion!
Want kyk, Ek kom en sal in julle midde woon, spreek die Here.
En baie nasies sal hulle in die dag by die Here aansluit[8])en My tot 'n volk wees;
en Ek sal in jou midde woon (Sag. 2:15, Afr. vert. vs. 11).

Dis moontlik goed om op te merk dat daar nie gesê word nie: „en hulle sal My tot volke wees", maar „tot 'n volk"; en hoeseer dit die bedoeling is, blyk uit die volgende reël: „en Ek sal in jou midde woon." Israel en die tot die God van Israel bekeerde nasies sal een volk van God wees, in wie se midde die Here blywend wil woon.

Die lydende Kneg van die Here het reeds moedeloos geword by die bomenselik swaar taak om die afgedwaaldes van Israel terug te bring tot hulle Skepper en Verlosser. Hy word op goddelik vreemde wyse bemoedig deur 'n nog swaarder taak opgelê te kry: „Dit is te gering dat u My kneg sou wees om op te rig die stamme van Jakob en terug te bring die gespaardes in Israel: Ek het u gemaak tot 'n lig van die nasies, om my heil te wees tot aan die einde van die aarde" (Jes. 49:6). En die Psalmis sien, as hy die troonsbestyging van die God van Israel, die definitiewe openbaring van Sy koninskap skilder „die edeles van die volke (om die troon) versamel as die (soos daar in die oorspronklik staan) volk van die God van Abraham (of na ander lesing: saam met die volk van die God van Abraham; Ps. 47:10).

'n Saamvergaderde, deur Godself bymekaargebragte volk, so sien veral die profete vanaf Hosea tot Sagaria die toekomstige vorm van die Godsvolk, gerealiseer vanaf die terugkeer uit die lande van die ballingskap tot in die eindtyd van louter heil. Die werkwoorde wat daardie goddelike verenigingswerk weergee is veral *kabbeets* en *ăsoof*[9]). Terwyl *habdiel* nooit in die profetiese boeke genoem word nie[10], word genoemde teenstellings daarvan meer as dertig maal daarin gevind. Hulle het sonder twyfel allereers en allermees betrekking op Israel en dit in tweeërlei opsig; eerstens om die noodlottige skeiding van „Efraim" (Noord-Israel, die tienstammeryk) en „Juda" (Suid-Israel, die tweestammeryk; vgl. Jes. 7:17) ongedaan te maak (Hos. 2:1–3, Afr. vert. 1:10–12; Sag. 10:6–12); reeds in die pragtige skildery van die heilstoekoms van Israel, Jer. 30 en 31, is „Efraim" die vernaamste deelgenoot in die gesamelike verlossing en terugkeer en hereniging; en die ontroerende beskrywing van Israel se herstel by Esegiël (hfst. 36 en 37) eindig met die deur 'n sinnebeeldige handeling van die profeet bekragtigde belofte van hereniging. Maar hierdie hereniging van die in twee geskeie volksdele is slegs 'n onderdeel van die toegesegde

---

[8]) Ook hier weer die werkwoord *nilwâ* „sig aansluit", wat in Jes. 56:3 en 6 gebruik is vir die toetreding tot die Godsgemeente; vgl. ook Jes. 41:1, Jer. 50:4v. en Ester 9.27

[9]) Twee keer *kannees*, Eseg. 39:28; Ps. 147:2.

[10]) Behalwe eenmaal by die priester-profeet Esegiël (42:20), soos hierbo vermeld; en waar die skeidingsgedagte bestry word, Jes. 56:3, vgl. 59:2.

bymekaar versamel van die in al die lande van die ballingskap verstrooides (Deut. 30: 3v.; Jes. 11:11v.). Dis veral in die treffende beeldspraak van herder en kudde dat die verhouding tot en heilswerk aan Israel geskilder word (Micha 2:12v.; 4:6v.; Sef. 3:19v.), 'n beeldspraak wat in die beskrywing van die goeie Herder in Johs. 10 sy skoonste uitwerking en vervulling gevind het.

Dis veral by die profete Jeremia en Esegiël dat hierdie toekomsvisie 'n groot plek inneem (Jer. 23:3; 29:14; 31:8, Afr. vert. 7; 31:10, Afr. vert. 9; 32:37; Eseg. 11:17; 20:34,41; 28:25; 34:13; 36:24; 37;21; 38:8,12; 39:27) waarby meermale weer die geliefde, uit eie land en volksbestaan so vertroude beeld van herder en kudde voor die geestesoog van die siener verskyn (Jer. 23:3; 31:10/9; Eseg. 20:37v.; 34:13; 37:24). So kan dan deur die genade van Israel se God en Here, die *Mekabbeets*, die "Bymekaarbrenger" (Jer. 32:37) die herstelde volk as 'n soort bynaam die aanduiding ontvang van *mekoebbetset*, „die bymekaargebragte" (Eseg. 38:8). Virsover die heilryke toekoms nog nie in volle vervulling gegaan het nie, bid die gemeente: „Verlos ons, Here onse God, en versamel ons uit die nasies, dat ons u heilige naam kan loof en ons beroem in u lof!" (Ps. 106: 47). Maar reeds is daar vele „verlostes van die Here" wat Hy „uit die lande versamel het, van die ooste en die weste, van die noorde en die see af" en wat opgeroep word om hulle Verlossergod te loof om sy goedertierenheid (Ps. 107:1–8).

Dat die van God gewilde *kabbeets* of versamelaksie egter nie tot die deur geboorte en afstamming by Israel behorendes beperk bly nie, maar ook toegebragtes uit ander volke omvat, ja selfs nasies in hulle geheel (of altans na hulle kern), het ons reeds duidelik geword uit die bogenoemde Skrifplase Jes. 51:1–8, Sag. 2:15/11; Ps. 47:10; Esr. 6:21; Neh. 10:29/28. Ook hierdie Godsbelofte en Godswerk het in Johs. 10 sy treffendste uitdrukking gevind as Christus die beskrywing van sy goeie-Herder-werk afrond met die woorde: „Ek het nog ander skape wat nie aan hierdie stal behoort nie. Ek moet hulle ook lei, en hulle sal na my stem luister, en dit sal wees een kudde, een herder" (Joh. 10:16).

As ons nou die resultate van ons ondersoek saamvat en die behandelde tekste nog 'n keer in oënskou neem, dan val dit op dat die plase waar *habdiel*, die skeidingsgedagte, voorkom in die Ou Testament almal tot 'n bepaalde soort skrifture behoor, en wel tot dié waar 'n priesterlik-wettelike visie tot uitdrukking kom. Dit is sondermeer duidelik in die tekste wat die terrein van die kultus betref. Ook die perikope waar so sterk nadruk gelê word op die geskeidenheid tussen Israel en die nasies, wat ons in die boeke Esra en Nehemia aangetref het, verplaas ons in kringe en periodes waarin die priesterlik-wettiese siening van die Godsverbond oorheers het. En dan die goddelike Godgewilde skeidingmaak by die skepping, soos in Genesis 1 beskryf? Eerstens word daar met geen woord van gerep dat hierdie goddelike bestel deur die mens op godsdienstige of maatskaplike terrein nagevolg moet word nie. Tweedens word deur „kritiese" en konserwatiewe Bybel-

verklaarders vrywel algemeen aangeneem dat die skeppingsverhaal van Gen. 1 uit priesterkring afkomstig is. Ek bepaal my tot 'n aanhaling uit die reeds genoemde werk van die Joodse eksegeet *B. Jacob*, wat die kritiese, Wellhausense analise en „bronnesplitsing" heftig bestry, maar by die eerste voorkom van *habdiel*, Gen. 1:4 aanteken: „Na die eerste skepping van hemel en aarde bestaan die werk van God in ordening; ordening egter is skeiding. Daarin (die skrywer bedoel in hierdie visie) kom tot uiting 'n priesterlik-aristokratiese sin vir geleding en grense, maat en eieaard, die afkeer van vermenging en onderskeidsloosheid". *Jacob* verwys dan na die *habdala*, die skeidingsseën. Dit is die seën wat die Joodse huisvader uitspreek elke sabbataand as die rusdag tot 'n einde kom en aan die sabbatafskeidsmaaltyd die huisvader vir die laaste maal die beker met wyn ophef en dan spreek: „Geseën is U, Here onse God, Koning van die wêreld, *hammabdiel*, wat skeiding maak (gemaak het) tussen wat heilig en wat onheilig is, tussen lig en duisternis, tussen Israel en die volke, tussen die sewende dag en die ses werkdae. Geseën is U, *hammabdiel* tussen wat heilig en wat onheilig is!". Opmerklik is hier die herhaling van die skeidingmaak tussen heilig en onheilig; hier is tereg aangevoel dat dit hierom eintlik gaan in die deur God bedoelde, Godgewilde skeiding, en dat al die ander hieraan ondergeskik moet wees. Dit lê in die lyn van die profetiese woord: „Julle sondes is die dinge wat skeiding maak (*hammabdiliem*, Afr. vert. „wat tot 'n skeidsmuur geword het") tussen julle en julle God" (Jes. 59:2).

Die benadruk van die skeidingsgedagte is duidelik 'n priesterlike lewenshouding, nie in die sin van die hoëpriesterlike gebed, Johs. 17, van 'n hoëpriester wat medelye het met die sondige broeders nie, die Hoëpriester van die Nuwe Verbond soos in Hebr. 2: 10vv., 4:15–5:2 geteken, maar „priesterlik" in die sin van onderskeidingsgesind, met die aandag gerig op wet en gebod, reël op reël. Dis hierdie eng-priesterlike visie op die Godsverhouding wat in die wettiese Jodedom deurgewerk het tot op vandag. En wat dan verder orals tot uiting kom waar separatisme seëvier en tot afgeskeidenheid voer.

Ewe duidelik is uit die voorgaande ondersoek dat in die profetiese visie die skeidingsgedagte geen plaas het nie. Hier val die nadruk juis op die bymekaarbring. Die Here God is volgens hierdie Godsmanne nie die *mabdiel* nie, maar die *mekabbeets*. Skeidingmaak mag tydelik en in bepaalde omstandighede sy regmatige plek gehad het in die Godsbestel, die toekoms is gerig op die versamel en vergader van al wat Hom wil toebehoor tot die een volk, die een kudde onder die een en enige ware Herder. En na daardie toekoms behoort die oë en die harte, die dade en die gesindhede gerig te wees van almal wat wil luister na die woord van God, soos dit reeds onder die Ou Verbond so duidelik geklink het.

B. GEMSER.

Groningen,
15 Sept. 1961.